**Laaste woord oor dié oorlog nog nie gespreek**

**J. Geldenhuys,** ***Dié wat Gewen het: Feite en Fabels van die Bosoorlog***
Litera Publikasies, Pretoria, 2007
339 pp
ISBN 978-1-1920188-30-6
R236.00

Op 26 Augustus 2011 was dit 45 jaar sedert die sogenaamde "Grensoorlog" of "Bosoorlog" in die noorde van die destydse Suidwes-Afrika (SWA, sedert 1990 amptelik bekend as Namibië) uitgebreek het – 'n stryd waarna, volgens hierdie resensent, eerder as die Namibiese Vryheidsoorlog (1966–1989) verwys moet word. Derduisende lede van die destydse Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) – meestal nasionale dienspligtiges – het een of ander tyd aan "die grens" diens gedoen, en meer as 700 het in aktiewe diens gesterf. Die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte wou aanvanklik bloot keer dat die guerrillas van die South West Africa People's Organisation (SWAPO) nie SWA infiltreer nie, maar in 1975 het die SAW by die burgeroorlog, wat in Angola uitgebreek het toe dié Portugese kolonie onafhanklik geword het, betrokke geraak. Hulle het derhalwe vir meer as 'n dekade lank in die suide van Angola bly opereer.

Die oorlog in SWA/Namibië en in Angola het die lewens van miljoene mense geraak – ook aan die "tuisfront" in Suid-Afrika. Die dramatiese politieke omwentelinge in Oos-Europa en in die Unie van Sosialistiese Sowjet-Republieke (USSR) aan die einde van die 1980's/begin 1990's, die daarmee gepaardgaande beëindiging van die Koue Oorlog, en die ewe dramatiese politieke veranderinge in die Republiek van Suid-Afrika (RSA), veral in die jare 1990 tot 1994, het die einde van die Namibiese Vryheidsoorlog en die onafhanklikheidswording ("dekolonisasie") van SWA/Namibië in 1990 oorskadu. Af en toe het 'n publikasie oor dié oorlog wel verskyn, byvoorbeeld Willem Steenkamp se *South Africa's Border War* (1989) en F.J. du T. Spies se *Operasie Savannah: Angola 1975–1976* (1989). Interessant genoeg is daar egter die afgelope sowat tien jaar 'n vloed van publikasies oor die Namibiese Vryheidsoorlog, die stryd in Angola en verwante temas (insluitende die stelsel van nasionale diensplig). Dié boeke wissel van Magnus Malan se *My Lewe saam met die Suid-Afrikaanse Weermag* (2006); Louis Bothma se *Die Buffel Struikel: 'n Storie van 32 Bataljon en sy Mense* (2006); en Dick Lord se *Fledgling to Eagle: The South African Air Force during the Border War* (2008) tot Granger Korff se *19 with a Bullet: A South African Paratrooper in Angola* (2009); Gary Green se *Stand at Ease: A Reluctant Conscript's Tale of Military Madness and Mayhem* (2009); en David Williams se *Op die Grens 1965–1990* (2008). En dan is daar Jannie Geldenhuys (beroepsoldaat van formaat; hoof van die Suid-Afrikaanse Leër, 1980–1985; en hoof van die SAW, 1985–1990) se *Dié wat Gewen het: Feite en Fabels van die Bosoorlog.*

Dat Geldenhuys se boek gewild moet wees, spreek uit die feit dat, nadat die werk se eerste uitgawe, eerste druk in 2007 verskyn het, dit reeds twee keer herdruk is (2008 en 2009). Die boek is ook in Engels beskikbaar as *At the Front: A General's Account of South Africa's Border War* (2009). Maar "eerste uitgawe" is ietwat misleidend, want die grootste deel van die publikasie is 'n heruitgawe van Geldenhuys se *Dié wat Wen: 'n Generaal se Storie uit 'n Era van Oorlog en Vrede,* wat in 1993 deur J.L. van Schaik gepubliseer is. Die 1993-publikasie se eerste 21 hoofstukke is weer net so gepubliseer en al die foto's (met die uitsondering van twee), asook al die kaarte van die ware eerste uitgawe, is net so in die nuwe uitgawe gereproduseer. Wat nuut is in Litera Publikasies se nuwe weergawe, is 'n baie kort hoofstuk 22 wat aan die einde van die teks bygevoeg is ("Dis hoe dit Was",

pp 259–263); 'n nuwe voorwoord; 'n alfabetiese indeks van operasies (p 334); 'n gekeurde indeks van persoonsname" (pp 336–337); 'n chronologiese indeks van belangrike gebeure van die Koue Oorlog in Suidwestelike Afrika vanaf 1975 tot 1990 wat genoem word (pp 327–333); en 'n handige (hoewel onvolledige) lys van 611 persone wat in die jare 1962 tot 1994 in diens van die SAW gesterf het (pp 264–326).

*Dié wat Gewen het* maak uiteraard deel uit van die land se "grensliteratuur", maar is tegelyk ook outobiografies van aard. Geldenhuys (gebore 1935) gee in hoofstukke 2 tot 10 'n oorsig van sy lewe en werk as beroepsoldaat, tot en met 1980: sy skooldae, opleiding as soldaat, diens in SWA (1970–1974), werk by Leërhoofkwartier (1975–1977), en weereens diens in SWA (1977–1980) in 'n tyd toe die stryd teen SWAPO in felheid toegeneem het en die oorlog ook na die suide van Angola uitgebrei het.

Op 1 November 1980 het Geldenhuys vir genl. Constand Viljoen as hoof van die Suid-Afrikaanse Leër opgevolg (kyk hoofstukke 11, 12 en 13), en presies vyf jaar later het hy Viljoen ook as hoof van die SAW opgevolg (kyk hoofstuk 14 en verder). Hoewel Geldenhuys dit duidelik stel dat hy homself weghou van partypolitiek (anders as sy voorganger, Constand Viljoen, wat die leier van die Vryheidsfront geword het), moes hy (Geldenhuys) uiteraard, veral as hoof van die SAW, met sy politieke meesters konsulteer en saamwerk. Verder moes hy – weereens in sy hoedanigheid as Weermaghoof – die SAW tot swart woongebiede binne die RSA laat toetree ten einde onluste te probeer bekamp. As hoof van die SAW moes hy ook aan samesprekings in Londen, Kaïro, New York, op die eiland Sal (in die Kaap-Verdiese Eilande), in Genève en elders deelneem ten einde 'n onderhandelde oplossing vir die gewapende stryd in Namibië en Angola te probeer verkry – iets wat uiteindelik wel bewerkstellig is, en tot die onafhanklikheid van Namibië op 21 Maart 1990 gelei het.

In die "Agtergrond" van die oorspronklike *Dié wat Wen,* het Geldenhuys verklaar dat hy rondom 1985 'n wilsbesluit geneem het om nooit hierdie tipe boek te skryf nie. Gevolglik het hy geen dokumente bewaar of dagboek gehou nie. Hy dui egter nie aan waarom hy aanvanklik só 'n besluit geneem het nie, of waarom hy toe van plan verander het en wel vanaf Desember 1990 tot Januarie 1992 sy outobiografiese "oorlogsherinneringe" op skrif gestel het nie. In die "Voorwoord" van *Dié wat Gewen het,* bevestig Geldenhuys dat hy geen navorsing gedoen het of 'n geskiedenis wou skryf nie:

> Die storie gaan oor die lewe Dit is 'n storie oor mense, oor vyande en vriende: mense wat die pad gebaan het en mense wat die pad geloop het; oor groot mense wat klein is en oor klein mensies wat groot is

Hy maak dus op sy geheue staat wanneer hy oor die Bosoorlog en ander gebeure skryf. Hy skryf in 'n populêre trant en gee bloot sy eie belewenisse en standpunte weer.

Die eindproduk is ongelukkig onbevredigend, wat die kritiese leser en die student van militêre geskiedenis teleurgesteld en selfs geïrriteerd laat. 'n Mens verwag nou eenmaal véél meer van iemand wat jare lank intiem met die stryd in Namibië en Angola gemoeid was, en wat boonop hoof van die Suid-Afrikaanse Leër en daarna hoof van die SAW was. Die boek bied wel in 'n mate perspektief op die omstrede verhoudinge tussen die politici en die militêre magte, die onderhandelinge wat gevoer is, die propagandastryd tydens die oorlog, en werp lig op Geldenhuys se bestuurstyl en sy benadering as 'n ware "soldier's soldier".

Die gekose aanbiedingswyse raak egter nòg kant, nòg wal. Die boek is deurspek met staaltjies; iets wat die verloop van die "verhaal" versteur en meestal niks minder as irriterend is nie. Die boek moes veel beter gestruktureer gewees het, en as Geldenhuys dan nie 'n geskiedenis van die Namibiese Vryheidsoorlog kon of wou skryf nie, kon hy ten minste aan die leser 'n beter aanduiding van die gees en atmosfeer van dié stryd gegee het, soos beleef vanuit die kantoor van die Leër- en later Weermaghoof. Uiteraard beskik hy oor inligting wat hy om sekerheidsredes nie bekend kan maak nie, maar wat betref die verloop van die Namibiese Vryheidsoorlog soek 'n mens verniet in dié boek na waarlik nuwe insigte.

Dit is baie jammer dat generaal Geldenhuys, meer as 'n dekade nadat hy sy "oorlogsherinneringe" die eerste keer gepubliseer het, nie die teks grondig hersien en, waar nodig, aangepas en/of uitgebrei het nie. Wanneer openbare figure besluit om hul herinneringe te boek te stel, sal dit hulle loon om, indien nodig, 'n vaardige persoon te kry om hulle behulpsaam te wees met die opteken van hul herinneringe. Soos hierbo uitgewys, gaan die "nuwe" boek dus mank aan dieselfde gebreke waaraan die oorspronklike weergawe gely het. Die laaste woord oor die omstrede Namibiese Vryheidsoorlog en verbandhoudende konflikte in Suider-Afrika, is dus beslis nog nie gespreek nie. Dít moet nog behoorlik akademies, en dus ook histories-wetenskaplik en krygskundig nagevors en beskryf word, soos ook die rol wat Geldenhuys en ander militêre leiersfigure gespeel het. Baie werk lê nog en wag vir professionele historici in hierdie verband.

*André Wessels*
*Universiteit van die Vrystaat*
*Bloemfontein*